

SAHARA - AVONTUUR
REEKS
NO. 5
DIE FORT IS STIL
Meiring Fouché

# DIE FORT IS STIL

*deur*

**MEIRING FOUCHE**

*Uitgegee deur*:

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand

2022

# Die Fort is Stil

Voorbladskets is die oorspronklike voorblad van die 1980's se uitgawe.
Hierdie boek is die derde uitgawe (aangepaste weergawe).

Kopiereg op hierdie verhaal is voorbehou en dit mag nie in die geheel of gedeeltelik herdruk word of versprei word sonder die nodige skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Herdruk sluit in geen vorm van elektroniese of meganiese vorm, bv. deur middel van e-boeke, fotokopiëring, skryf, bandopname of deur enige ander manier vir inligtingsbewaring of ontsluiting. Al die karakters en gebeure in hierdie verhaal is denkbeeldig en het geen betrekking op enige persone, lewendig of dood nie.

DIE FORT IS STIL
deur Meiring Fouche

ISBN 978-1-928498-04-9

Uitgegee deur:
Skatkis Boeke - Uitgewers, Strand Mews, Strand 7140
Suid-Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2022)
Aanlyn winkel: https://panther-ebooks.com
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

# OPSOMMING

Teuns Stegman, Fritz Mundt en Jack Ritchie raak in ’n kroeggeveg betrokke met Arabiere. Vir hulle straf word hulle tydelik verplaas na een van die ander Franse forte in die Sahara woestyn - Fort Laval. Toe die afloskolonne by Fort Laval opdaag, onder leiding van Luitenant Juin, besef hulle gou dat daar ’n groot skroef los is. Hulle sien geen lewe in die fort nie en die fort se poort staan wawyd oop. Teuns en Fritz gaan saam met luitenant Juin om eers die fort te gaan ondersoek, terwyl hulle mede manskappe buite die fort wag. Binne in die fort word hulle en die soldate buite die fort gou oorrompel deur Brigitte Bonnet, suster van El Karima en die vorige vorstin van die Doelak volk. Sy wil weerwraak neem vir die dood van haar suster en wil nou die hele Vreemdelegioen vernietig.

Die dertig manskappe word opgesluit in die fort se slaapsaal, sonder enige kos of water en saam met die ander manskappe van die fort wat ook reeds oorrompel is. Dan hoor hulle iemand wat so aaklig skreeu van pyn dat dit koue rillings deur hulle stuur. Kort daarna word die lyk van die manskap uitgedra deur rampokkers wat rubber handskoene dra. Hulle verneem dan van Brigitte Bonnet dat sy ’n hoogs geheime wapen het, wat se uitwerking sy wil uittoets op die legioensoldate.

Die geluksgodin is teen Teuns Stegmann en hy word gekies as die volgende proefkonyn vir die wrede

eksperiment. Nie lank daarna nie sien hulle deur die slaapsaal se vensters hoe sy lyk ook uitgedra word. Fritz Mundt en Jack Ritchie word gestuur om water en kos te gaan haal, voor dit permanent van hulle weg geneem word. Hulle kom egter nooit terug na die manne toe nie en word daar vir hulle gesê dat hulle doodgeskiet is omrede hulle probeer het om te ontsnap.

Die manne begin later waansinnig raak van die dors en hongerte. Dan begin daar snaakse dinge gebeur in die fort. Die perde, muile en kamele waarmee die rampokkers opgedaag het, verdwyn spoorloos. Die volgende dag word die marconis en ’n soldaat op die borswering van die fort dood aangetref. Asof dit nie erg genoeg is nie, begin die vasgekeerde manne in die slaapsaal snaakse geluide hoor wat vanaf die vloer onder hulle kom, in morsekode. Brigitte Bonnet laat die plek twee maal behoorlik omkeer op soek na die skuldiges, maar vind elke keer niks nie. Professor Benesj daag die volgende dag op in ’n groot vragvliegtuig saam met nog meer soldate, om die geheime en dodelike wapen se impak op die soldate te kom voltooi. Moedeloos, raadop en al byna dood van honger en dors, wag die Vreemdelegioensoldate dat hulle na die woestyn geneem moet word, om daar aan die geheime wapen blootgestel te word. Maar net toe die finale verrigtinge ’n aanvang neem, bars die duiwel behoorlik los in Fort Laval en die een skok volg op die ander...

# UITTREKSEL

Juin gryp die deurknop en swaai die deur vinnig oop. Hy staan wydsbeen daar, met die rewolwer gereed in sy hand, sy oë gloeiend. Die ander twee beweeg agter hom in en kom staan hier weerskante van hom, hul gewere parallel met die grond, gereed om teen hul skouers gegooi te word. Maar hulle is so verbaas en so geskok dat hul vingers slap om die snellers lê.

Daar agter die lessenaar wat aan die bevelvoerder van Fort Laval behoort, sit een van die pragtigste vroue wat hulle nog ooit gesien het. Haar welige hare is soos nuwe koper wat gepoets is. Haar oë waarin ’n geamuseerde trek is, is groen soos die diep kolke van die see en haar mond is sag, aanloklik en tog streng.

Haar liggaam lyk baie rustig in die gewaad van ’n sjeik, maar sy het nie hul hoofbedekking op nie. Sy het ’n ligte purperkleed van ’n Arabiese hoogwaardigheidsbekleër aan. Haar vel het die kleur van ’n olyf en ’n groot rooi robyn glinster aan ’n ring, aan een van haar vingers.

Teuns Stegmann staar met asemlose verbystering na haar, nie net na haar oorweldigende skoonheid nie, maar ook na iets anders.

# INHOUD

**Hoofstuk**


1. Die Stil Fort

2. Kennismaking

3. Bitter Keuse

4. Die Lyk

5. ’n Eksperiment

6. Sluipende Dood

7. Verraad

8. Die Geluid

9. ’n Besoeker

10. Terug uit die Dood

# 5. DIE FORT IS STIL

## Hoofstuk 1
## DIE STIL FORT

Dit lyk kompleet of die sandduine in die hittegolwe swem en sweef, asof die aardkors op en neer beweeg en dan lang, swaaiende voue maak soos ’n kokende massa wat deur die hitte in beroering gebring word.

En dit is al die laat middag hier in die suidoostelike Sahara. Maar hierdie was ’n verskriklike dag, seker een van die ergste wat selfs hierdie geharde klompie manne wat deur die sand aanstryk, nog hier beleef het. Dit voel asof hul voetsole reeds gaar is, want die hele dag al brand die onkeerbare hitte van die sand deur hul dik stewels. Hul rugpakke voel soos lood agter hul rûe en hulle kan nie meer mooi uit hul oë sien nie, so het die hitte skittering hul kykers al geteister en het die sweet hulle al gebrand. Dit voel vir hulle asof hulle al maande gelede uit Dini Salam weg is, al is dit maar net ’n paar dae gelede. Soos hulle nou hier aanstryk, voel dit vir hulle asof hulle geen toekoms en geen môre het nie. Hulle voel in hierdie oomblik dood vir die wêreld, sonder energie en sonder belangstelling.

“As hier nou ’n klompie Arabiere op ons afkom, kan hulle my met ’n bees se stert doodslaan,” sug manskap Fritz Mundt, die grootste man in die Franse Vreemdelegioen. “Hulle kan met my net maak soos hulle wil en ek sal geen weerstand bied nie.”

“As ek my nou gaan neerlê, slaap ek vir ’n hele salige

week,” sê manskap Teuns Stegmann, die lang, blonde Suid Afrikaner wat hier langs Fritz stap. “Ek dink nie ek was al ooit in my lewe so pootuit nie. Hierdie is moord, hierdie soort marsjeerdery in hierdie vreeslike hitte. Lyk vir my die Sahara wil ons ook nog straf, net asof die Legioen ons nie al genoeg straf nie.”
“Gee my ’n Wiener Schnitzel en ’n yslike karba Italiaanse Chianti, so van die ys af,” praat Jack Ritchie wat saam met Stegmann en Mundt in dieselfde ry aanslof. “Daarna kan julle my maar begrawe...”
Die ander twee kyk vinnig en verbaas na die blonde Engelsman asof hy ’n oortreding gepleeg het deur daardie woorde uit te spreek en daardie visioen voor hulle op te tower.
“Ek dink jy het ’n sterk streep weg, Engelsman,” snork Teuns Stegmann, “anders sal jy nie in hierdie omstandighede en op hierdie oomblik sulke nonsies praat nie.”
“Is jy stapelgek, Engelsman?” bars Fritz uit. “Weet jy nie dat ons op pad is na Fort Laval nie? Weet jy nie dat ons daar drie maande op droë beskuit, blikkies vleis en droë vrugte gaan lewe nie? Hulle moet ’n wet maak teen julle manne wat oor kos en koue wyn praat wanneer ’n mens wil vrek van die honger en dors.”
“Hulle moet hulle teen die muur sit en doodskiet,” meen Teuns.
“Ek het maar net hardop gedroom,” sê Jack verontskuldigend. “As ’n mens nie kan eet en drink nie, kan jy minstens droom, of hoe?”

“Droom in die vervolg jou drome so dat ons hulle nie kan agterkom nie,” knor Fritz en spuug ’n ou pruimpie in die sand weg. Dan haal hy sy waterfles af en hou dit voor sy mond, maar dit is vergeefs, want daar is geen druppel meer oor nie.
“Jy hoef nie daardie gebaar te maak elke keer as jy wil drink nie, Fritz Mundt,” betig Jack Ritchie hom. “Hoekom vra jy nie vir water as jy dors is nie?”
Die groot Duitser glimlag vir Jack wat sy waterfles na hom uitreik. “Jy kan maar hierdie bietjie water ook uitdrink, want jy het tog reeds al my water opgesuip,” sê die Engelsman.
“Jy het so ’n goeie hart, hulle behoort jou die *Croix de Guerre* te gee,” treiter Fritz en neem die waterfles en drink een mondvol. “In elk geval, ons behoort teen skemer by die fort te wees. Dan kan ons weer water drink en van ons heerlike, voedsame beskuit en koekies eet.”
“Daar is net een raad met jou, maarskalk Rommel,” sê Teuns vir die Duitser, “en dit is dat hulle ’n pakmuil met twee vate water moet saamneem, elke keer wanneer jy ’n patrollie vergesel. Jy drink altyd al ons water gedaan en dan het jy nog steeds nie genoeg nie.”
“Of twee vate bier,” sê Jack Ritchie.
Fritz skop die Engelsman teen sy kuit. “Hou op!” gelas hy en vee die sweet van sy groot gesig af. “Om van wyn te praat, is erg genoeg, maar bier! As jy weer van bier praat, slaan ek sommer jou harspan inmekaar.”
“Alles is jou skuld dat ons drie hier stap, Fritz Mundt,” bevind Teuns en verskik die bande van sy rugpak, omdat

dit voel asof hulle sy skouerblaaie middeldeur sny. “As jy nie nou die aand daardie vrotsige geelbek disnis geslaan het nie, was ons nie nou in hierdie patrollie oppad na Fort Laval toe nie.”

“Ja, hy is mos altyd uit sy koers uit,” las Jack Ritchie veroordelend by. “Kan mos nie sy pote van die Arabiere afhou nie.”

“Dit was my besigheid daardie,” brul Fritz. “Ek het julle twee nie gevra om te help nie.”

“As ons jou nie gehelp het nie, het die spul daar in die wynkroeg jou harslag uitgehaal,” herinner Teuns die groot Duitser.

. “En nou sit ons met die gebakte pere,” praat Jack verder. “Drie maande in hierdie verpestelike ou fortjie, op die uiteinde van die aarde en tientalle kilometers vanaf Dini Salam.”

“Iemand moet die garnisoen gaan aflos,” probeer Fritz homself verweer, hoewel hy self skuldig voel dat hulle drie ook na Fort Laval gestuur word, as straf omdat hulle met die Arabiere handgemeen geraak het en die spul uitmekaar geslaan het.

“Ja, maar dit hoef nie ons te gewees het nie,” hou Teuns vol. “Daar is genoeg skorriemorries in Dini Salam wat die garnisoen hier kon kom aflos het.”

“Ons gaan jou nog kry, Fritz Mundt,” dreig Jack. “Al moet ons nog eendag toorgoed in jou kos gooi.”

“Ho-ho-ho,” lag Fritz skor en vee weer oor sy gesig. Waaroor bekommer julle julle so? Hier kan ons drie maande rus, want hier is tog gods op aarde niks te doen

nie. Ek was al vantevore hier. Hier klap ’n mens net vlieë en druk sandvlooie dood. Verder slaap jy maar net en droom van die lekker wêreld daarbuite wat verbygaan terwyl jy hier sit en vrek van ellende.”

“Wat doen ’n mens drie maande lank in hierdie godverlate plekkie?” wil Teuns weet.

“Niks,” antwoord die Duitser. “Ek sê jou mos, niks. Dit is daarom dat hulle ons vir ons pekelsonde hiernatoe stuur. In die Sahara is verveling die grootste straf, my broers. Daarom stuur hulle ons hierheen.”

“Ek hou nie van hierdie gemors nie,” kreun Jack Ritchie. “Hierdie ou plekkie is te afgesonder. Wat kan ’n garnisoentjie van dertig man uitrig as die Arabiere hier verspot raak?”

“Niks nie,” werp Fritz in. “Jy kan maar net sterf vir volk en vaderland en die oomblik wanneer die Arabiere met jou klaar is, kom pik die aasvoëls jou in jou maag. Maar moenie jou bekommer nie Engelsman, met die wit lewer. Niks sal gebeur solank ons hier is nie. Ons sal maar net met ons tone speel en op mekaar se senuwees werk, want die Arabiere is rustig.”

“Ek weet nie so mooi nie,” sê Teuns. “Hulle was te lank stil na my sin. Ek dink daar is al weer iets aan die kook.”

“As hulle met ons kom bodder, dan het ons minstens iets om te doen,” sê Fritz.

“En wat gaan ons nogal maak as die spul ons hier aanval? Ons is ’n rampsalige dertig man,” kla Jack Ritchie.

“Ons vang hulle met voëlent,” terg Fritz, en dan kom hulle tot stilstand, want luitenant Juin, die jong Franse offisier

met die bleek gesig en helder oë, het sy hand opgesteek. Hulle staan op die rand van ’n hoë sand plato wat hier voor hulle geleidelik afsak na ’n oneindige sandvlakte, wat strek so ver as wat die oog kan sien.

“Hoera!” sê Fritz Mundt. “Hier voor ons lê ons rustige bestemming, die oase op die einde van ons veelbewoë reis, Fort Laval, buitepos van die Franse Vreemdelegioen! Kyk daar kêrels, sodat julle weer moed kan skep.”

Daar ver onder op die gelykte van die sandvlakte, sien hulle die klein fortjie wat hiervandaan meer soos ’n miershoop lyk, as ’n buitepos van die Franse Vreemdelegioen.

“Pragtige landskap, nie waar nie?” sê Fritz terwyl hy vir Teuns en Jack Ritchie gadeslaan, wat met klaarblyklike belangstelling na die troostelose wêreld voor hulle staar.

“Wat ’n gemors!” mor Teuns. “Ek het dan gedink daar is ’n oase of iets by Fort Laval?”

Fritz lag diep uit sy buik. “Jy het jou lelik misgis, *mon ami*,” sê hy vir die Suid Afrikaner. “Daar is nie ’n sprietjie gras binne 150 kilometer van Fort Laval af nie, laat staan nog ’n oase met water en bome.”

“Waar kry hulle dan hul water vandaan?” vra die Engelsman.

“Daar is ’n syferputjie in die fort,” antwoord Fritz. “’n Eienaardige besigheid, maar dit is daar. Dit is daarom dat die fort op daardie bepaalde plek gebou is, hoewel dit uit ’n militêre oogpunt nie juis die beste plek is nie. Hier waar ons nou staan, op die rand van die plato, is die mees geskikte plek. Maar hier is natuurlik nie water nie.”

“Ons sal tien minute lank rus,” kom luitenant Juin se helder stem deur die stilte. “Dan trek ons die laaste ent na Fort Laval. Ek sien die Driekleur wapper darem nog aan die maspaal, *mes amis*,” sê hy vir die dertig manskappe by hom asof hy hulle daardeur moed wil inpraat.

“As die Driekleur nog daar wapper, beteken dit dat die garnisoen darem nog minstens daar is,” brom Teuns Stegmann. “Waarom sê jy dit?” vra Jack Ritchie. “Wat kon dan van die garnisoen geword het?”

“Weet nie,” antwoord die Suid Afrikaner. “Hierdie is so ’n triestige wêreld dat dit vir my amper snaaks is dat ons netnou ander lede van die Franse Vreemdelegioen sal sien. Ek verbeel my al asof hier niemand meer is wat nog asemhaal nie.”

Fritz kyk met ’n snaakse uitdrukking op sy gesig na die Suid Afrikaner, maar hy praat nie. Hy het egter ook ’n eienaardige gevoel in hom. Hy weet self nie waarom nie. Maar in sy lang loopbaan in hierdie woestyn, het hy al soveel stelle afgetrap dat hy omtrent nooit gerus is nie. Hy verwag maar altyd dat die een of ander teenslag hulle te beurt kan val, asof die een of ander ramp net om die draai lê.

Fritz maak sy oë half toe teen die skittering van die woestyn lig en vaagweg sien hy die wit en rooi van die Franse Driekleur, soos dit daar op die fortjie se lang paal wapper.

Dan gaan hulle in die warm sand sit en drink hul laaste water uit.

*          *          *

Dit is sterk skemer toe die klein kolonne eindelik die fort nader. Fort Laval is klein en rond gebou, van sandsteen wat die Franse in vervloë jare iewers vandaan gebring het. Dit is een van die kleinste fortjies van die Vreemdelegioen en ook een van die mees afgeleë. Dit kan hoogstens vyftig man huisves, maar in vredestyd hou die Franse hier nooit meer as dertig man, ’n luitenant en ’n sersant aan nie, wat elke drie maande afgelos word. Omdat die fort so klein en so afgeleë is, eintlik nie veel meer as ’n voorpos nie, is dit besonder stewig en besonder hoog gebou sodat dit uiters moeilik is om dit van buite af te verower, al is die garnisoen maar baie klein. Die bedoeling is dat die garnisoentjie hier moet uithou totdat dit ontset kan word. Dit het darem radioverbinding met Dini Salam.

Dit is ’n ware nes. Die garnisoen word elke drie maande afgelos juis omdat die eensaamheid hier so ontsettend is, die manskappe hier gou kriewelrig word en omdat die hitte hier so intens is. Vanweë die hoë mure, is Fort Laval al soggens vroeg soos ’n bakoond warm gebak, deur die Sahara se dodelike son.

Hoewel die manne weet wat vir hulle in Fort Laval wag, is daar nou ’n geringe oplewing onder hulle. Waar hulle die afgelope vier dae net kop-onderstebo deur die hittige sand aangeslof het, fluister hulle nou onder mekaar. Hulle maak selfs grappies, want hoe onsmaaklik Fort Laval ook al is, kan dit nie slegter wees as die teistering van die kaal woestyn nie. In die fort kan hulle darem minstens weer genoeg water gaan drink.